



UITGEVRYFDE *koringkorrels*

JD Kestell

UITGEVRYFDE *koringkorrels*

JD Kestell

Oordenkinge vir elke dag van die jaar

Lig in Duisternis
UITGEWERS



Die uitgewer vereenselwig hom nie noodwendig met die standpunte van outeurs in enige van sy publikasies nie.

© **2026 Lig in Duisternis Uitgewers**

@ publikasies@liginduisternis.co.za

☎ 012 362 1390

🌐 www.liginduisternis.co.za

📍 Makoustraat 516, Monumentpark, 0181

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring. Alle regte voorbehou.

Skrifaaanhalings geneem uit die Bybel in Afrikaans 1933/1953

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Taalversorging: Tharina Joubert en Charlotte Möller

Setwerk: Melaney Langeveldt

Druk- en bindwerk: Law Print

Eerste druk: 2026

Boek ISBN: 978-1-0672217-1-3

E-boek ISBN: 978-1-0672217-2-0

INHOUDSOPGAWE

Afkortings van Bybelboeke	2
Voorwoord: HSW Strauss	3
Dr. JD Kestell	5
Voorwoord: MJ van der Westhuizen	6
Woord vooraf: JD Kestell	7
QR-kode vir opname	8

<i>Januarie</i> Aanbidding	9
----------------------------------	---

<i>Februarie</i> Die Lydensweke	41
---------------------------------------	----

<i>Maart</i> Die Lydensweke (vervolg)	71
---	----

<i>April</i> Ek ken my sonde	103
------------------------------------	-----

<i>Mei</i> Die Here, wat al jou ongeregtigheid vergewe	135
--	-----

<i>Junie</i> Menigvuldige genade	167
--	-----

<i>Julie</i> Tevrede	199
----------------------------	-----

<i>Augustus</i> Wees heilig, want Ek is heilig	231
--	-----

<i>September</i> Tot U hef ek my siel op	263
--	-----

<i>Oktober</i> Die liefde soek nie sy eie belang nie	295
--	-----

<i>November</i> Godsvertroue	327
------------------------------------	-----

<i>Desember</i> Adventstyd	359
----------------------------------	-----

AFKORTINGS VAN BYBELBOEKE (1933/53-VERTALING)

OU TESTAMENT

Gén.	Génesis
Ex.	Exodus
Lev.	Levítikus
Núm.	Númeri
Deut.	Deuteronómium
Jos.	Josua
Rigt.	Rigters
Rut	Rut
1 Sam.	1 Samuel
2 Sam.	2 Samuel
1 Kon.	1 Konings
2 Kon.	2 Konings
1 Kron.	1 Kronieke
2 Kron.	2 Kronieke
Esra	Esra
Neh.	Nehemía
Est.	Ester
Job	Job
Ps.	Psalms
Spr.	Spreuke
Pred.	Prediker
Hoogl.	Hooglied
Jes.	Jesaja
Jer.	Jeremia
Klaagl.	Klaagliedere
Eség.	Eségiël
Dan.	Daniël
Hos.	Hoséa
Joël	Joël
Amos	Amos
Obád.	Obádja
Jona	Jona
Mig.	Miga
Nah.	Nahum
Háb.	Hábakuk
Sef.	Sefánja
Hag.	Haggai
Sag.	Sagaría
Mal.	Maleági

NUWE TESTAMENT

Mt.	Matthéüs
Mk.	Markus
Lk.	Lukas
Joh.	Johannes
Hand.	Handelinge
Rom.	Romeine
1 Kor.	1 Korinthiërs
2 Kor.	2 Korinthiërs
Gal.	Galásiërs
Efés.	Efésiërs
Filip.	Filippense
Kol.	Kolossense
1 Thes.	1 Thessalonicense
2 Thes.	2 Thessalonicense
1 Tim.	1 Timótheüs
2 Tim.	2 Timótheüs
Tit.	Titus
Filém.	Filémon
Hebr.	Hebreërs
Jak.	Jakobus
1 Petr.	1 Petrus
2 Petr.	2 Petrus
1 Joh.	1 Johannes
2 Joh.	2 Johannes
3 Joh.	3 Johannes
Jud.	Judas
Openb.	Openbaring
DL:	Dordtse Leerreëls
HK:	Heidelbergse Kategismus
NGB:	Nederlandse Geloofsbelofenis

VOORWOORD

Wat 'n voorreg om ná meer as 80 jaar weer 'n voorwoord vir hierdie geliefde publikasie te skryf. Oor die jare heen het tienduiseende eksemplare gehelp om die brood van die lewe aan Afrikanergesinne te bedien. Hierdie dagstukkieboek is inderdaad Afrikana – 'n kosbare kleinood in ons Afrikanererfenis.

Hebreërs 13:7 roep ons op om ons voorgangers te gedenk en hul geloof na te volg. Die heruitgawe van hierdie publikasie bied ons juis dié geleentheid. Vader Kestell se unieke rol in ons volksgeskiedenis is 'n gawe van God wat ons nie durf geringskat nie. Hy het sy roeping met verantwoordelikheid, toewyding en selfopoffering tussen sy mense uitgeleef en intiem met hul wel en wee meegeleef. Tydens die Anglo-Boereoorlog trek hy as veldprediker saam met die Harrismith-kommando uit. As een van president MT Steyn se intiemste raadgewers, het hy saam met generaal Christiaan de Wet deel gevorm van die Vrystaatse Driemanskap.

Ná die oorlog en die rebellie van 1914-1915 gebruik hy sy invloed om groot kerkskeurings te voorkom en te help om die gevange rebelle se swaar boetes deur die Helpmekaarbeweging af te betaal. In die 1930's gryp die armoede van sy volk weens die impak van oorlog, droogte en die Groot Depressie, hom diep aan. Hy het geglo “'n volk red homself” – 'n filosofie wat in 1939 gelei het tot die stigting van die Reddingsdaadfonds. Hierdie filosofie vorm vandag nog die hoeksteen van 'n organisasie soos Solidariteit Helpende Hand, wat roepingsbewus op Kestell se arbeid voortbou.

As Godsman én volksman, was dit sy roeping om die Woord van God ook in die volkstaal te laat weerklink. As een van die hoofvertalers van die eerste amptelike Afrikaanse Bybelvertaling (1933), help hy verseker dat die Afrikaner die Skrif in sy moedertaal kan lees.

Uitgevryfde koringkorrels herinner ons aan Christus wat soos 'n koringkorrel in die grond geval en gesterf het (Joh. 12:24), om deur die heerlike vrug van sy opstanding vir ons die brood van die lewe te word. Dit is vir Lig in Duisternis Uitgewers 'n voorreg om deur die heruitgawe van *Uitgevryfde koringkorrels* opnuut hierdie Brood aan 'n sielshonger samelewing te bedien.

HSW Strauss

Publikasiehoof: Lig in Duisternis Uitgewers, Pretoria

September 2026

DR. JD KESTELL

Ter gedagtenis aan ons alombeminde kerkvader en volksman, Johan Daniel Kestell, gebore 15 Desember 1854 te Pietermaritzburg, gedoop in die ou Voortrekkerkerkie aldaar, en oorlede te Bloemfontein, 9 Februarie 1941.

Dr. JD Kestell, ook bekend as Vader Kestell, was predikant in die NG Kerk van die gemeentes Kimberley, Harrismith, Ficksburg en Bloemfontein. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog vergesel hy die Harrismith-kommando as veldprediker en bedien hulle tot die vredesluiting in 1902.

Kestell dien as moderator van die NG Kerk in die Oranje-Vrystaat van 1909 tot 1918. In 1919 en 1920 beklee hy die amp as redakteur van *Die Kerkbode*. Teen die einde van 1920 word hy as rektor van die Grey-Universiteitskollege (die latere Universiteit van die Vrystaat) aangestel. Gedurende hierdie tyd was hy ook visekanselier van die Universiteit van Suid-Afrika.

Kestell was ook Bybelvertaler. In 1923 word hy deel van die Bybelvertalingskommissie om die Bybel uit die oorspronklike Grieks en Hebreeus in Afrikaans te vertaal.

Kestell het hard gestry om Afrikaans te bevorder. Daarvoor ontvang hy eredoktorsgrade van die Universiteit van Suid-Afrika (DD), die Universiteit van Pretoria (DLit) en die Universiteit van Kaapstad (LLD). Hy was vir twee jaar kanselier van die Universiteit van Stellenbosch.

By geleentheid van die Ossewatrek in die Eeufeesjaar het Kestell die volk van Suid-Afrika opgeroep om hulp te verleen aan medevolksgenote wat in armoede verkeer. Die Reddingsdaadbond is in 1939 gestig om arm volksgenote by te staan en op te hef.

VOORWOORD

Dit is vir my 'n eer en 'n voorreg om 'n kort voorwoord vir hierdie dagboek te skrywe. Kort voor sy betreurde afsterwe het dr. Kestell aan die redaksie van *Die Kerkbode* geskrywe omtrent sy voorneme om weer 'n versameling van *Die Stille Uur* in 'n bundeltjie uit te gee. Die redaksie het die gedagte verwelkom en die hoop uitgespreek dat hierdie begeerte spoedig verwesenlik mag word omdat daar reeds om so 'n uitgawe gevra is. Weinig het ons kon dink dat hy tot hoër diens geroep sou word nog voordat hierdie werk die lig sou sien.

Ná sy aftrede as redakteur van *Die Kerkbode* het wyle dr. Kestell deur *Die Stille Uur* en *Die Maandelikse Wyksbidstond* steeds nou verbonde gebly aan ons kerkblad. Met groot liefde het hy hierdie stukke gereed gemaak en dit gereeld aan ons gestuur vir opname in ons stigtelike rubriek. Op dié wyse het hy gedurig in aanraking gebly met ons groot leserskring wat daaruit geestelike opbouing, troos en seën ontvang het. Hierdie bydraes het altoos getuig van dr. Kestell se getrouheid aan die Woord van God en van sy opregte vroomheid van hart.

Waar hierdie nuwe versameling van *Die Stille Uur* nou verskyn onder die gepaste titel wat dr. Kestell self daarvoor gekies het, naamlik *Uitgeverfde Koringkorrels*, is dit ons bede dat die boek sy weg mag vind tot baie huisgesinne van ons volk en dat dit by die huisaltaar en in die binnekamer vir vele geestelike verkwikking en versterking mag bring.

Noudat die skrywer van hierdie dagstukkies ons deur die dood ontval het, bied die uitgewers die werk aan as 'n gedenkuitgawe. So sal hierdie onvergeetlike Godsman en kerkvader nog tot ons spreek nadat hy gestorwe is.

MJ van der Westhuizen
***Die Kerkbode*-kantoor, Kaapstad**
Mei 1941

WOORD VOORAF

Ons lees in die Evangelie volgens Lukas (6:1) dat onse Here Jesus Christus eens op die sabbat deur die gesaaides geloop het. Toe het sy dissipels die are gepluk, dit uitgevrywe en hulle het begin eet.

Die Seun van die mens, wat Here van sabbat is, het dit sy dissipels nie kwalik geneem nie. Sy seën het gerus op die uitvrywe van die are en die koringkorrels wat hulle geëet het, het hulle as van sy hand ontvang.

Nou het ek al jare lank die gewoonte om 'n halfuurtjie elke Sondag-namiddag in die gesaaides te gaan. Dan, in die teenwoordigheid van die Here en Meester het ek die are uitgevrywe en elke week na *Die Kerkbode* opgestuur!

Uit die voorraad het ek handevol uitgevryfde koringkorrels geneem, en ek bied hulle in hierdie dagboek aan my broers en susters in ons geliefde land.

JD Kestell

Bloemfontein

Februarie 1941¹

1. Die nuwe dagboek van dr. Kestell was nie persklaar toe hy tot hoër diens opgeroep is nie. Die werk wat nog oorgebly het, het sy twee dogters voltooi. Daarom verskyn daar in die dagboek ook 'n paar gedeeltes uit *Die Stille Uur* wat ná sy heengaan in *Die Kerkbode* verskyn het.
– Ruimte, Bloemfontein, 19 Maart 1941.

QR-KODE VIR OPNAME

In vanjaar se dagstukkies is daar elke week 'n QR-kode wat jy kan skandeer om na 'n opname van daardie spesifieke dagstukkies op YouTube te kyk.

SKANDEER DIE QR-KODE



4 JANUARIE



DIE HERE SAL VOORSIEN

*En Abraham het dié plek genoem:
Die HERE sal voorsien! (Gén. 22:14a)*

ANDROID (SAMSUNG, OPPO, HUAWEI, ENS.)

1. Maak jou foon se kamera-toepassing oop.
2. Rig die kamera op die QR-kode en hou dit vir 'n sekonde stil.
3. 'n Skakel of banier sal op die skerm verskyn sodra die kode herken word.
4. Tik op die skakel om YouTube oop te maak.

APPLE (IPHONE, IPAD)

1. Maak die kamera-toepassing vanaf jou tuis skerm of beheersentrum oop.
2. Hou jou toestel so dat die QR-kode in die raam verskyn.
3. Jou iPhone sal die QR-kode outomaties herken en 'n geel skakel of kennisgewing wys.
4. Tik op die geel skakel om YouTube oop te maak.

Januarie

AANBIDDING



KOM LAAT ONS AANBID

*Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel
voor die HERE wat ons gemaak het. (Ps. 95:6)*

*... die ou dinge het verbygegaan, kyk,
dit het alles nuut geword. (2 Kor. 5:17)*

DIT is wat op hierdie Nuwejaarsdagmôre die diepste in ons harte moet lewe! Die ou jaar is verby. Dankbaar is ons, ja, innig dankbaar dat die oue verbygegaan het met sy kommer en teenspoed, ook sy voorspoed en vreugde. Die oue is verby. Alles het nuut geword, soos dit hier bo geskrywe staan. Ons sien die toekoms tegemoet met nuwe hoop, nuwe moed. Ons roep mekaar toe: Kom, laat ons die Here aanbid, laat ons neerbuk voor die Here wat ons gemaak het. Ons buig ons voor onse God neer en ons roep sy Naam in dankbaarheid aan: Dank, God en Vader, dat alles nuut geword het.

Veel in die oue moes verbygaan, omdat dit dood is. Ons moet nie krampagtig daaraan vashou nie. Ons moet dit begrawe. Maar daar is ook dít wat nooit verander nie: waarheid, geregtigheid, geloof, hoop, liefde. Dié gaan nooit verby nie. Paulus gebruik die woorde hier bo in verband met die nuwe lewe wat ons ontvang as ons in Christus is: *Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel ...* (2 Kor. 5:17).

Wat nou ook al vir ons in die nuwe jaar nuut mag wees, moet niks vir ons so dierbaar wees nie as dat ons in Christus nuwe mense geword het. Daarvoor roep ons mekaar toe: “Kom, laat ons aanbid. Kom, laat ons neerkniel voor die Here wat ons gemaak het!”

DIE LIEFLIKHEID VAN DIE HERE OOR ONS

*En laat die lieflikheid van die HERE onse God oor ons
wees, en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja,
die werk van ons hande, bevestig dit! (Ps. 90:17)*

MET hierdie bedede begin ons die nuwe jaar. Ons sien terug op die afgelope twaalf maande, en dit is met ootmoed dat ons dit doen. Soveel daarin was verkeerd. Daaroor het ons berou. Ons doen belydenis van ons sonde en smee om vergifnis. Maar dan is daar ook veel waarvoor ons dankbaar is. God het ons krag gegee vir die stryd en die werk van die lewe. Ons het die een en ander uitgerig. Daarvoor sê ons sy Naam dank.

Maar laat ons liewer nie aan die verlede dink nie. Paulus sê dat ons moet vergeet wat agter is. Ons dink dan aan die jaar wat voor ons lê, ons werp ons blik op die toekoms en ons bid: “Laat die lieflikheid van die Here God oor ons wees.” Ons bid dat Hy die werk van ons hande mag seën. Ons bid dat sy lieflikheid oor ons mag wees, om ons te bedek en te omring, om ons te laat ondervind dat ons in sy teenwoordigheid is. Dan is ons verenig met Hom, dan stroom daar gedurig tot ons toe krag vir die werk wat Hy ons gee om te doen.

Wat dié werk betref, bid die psalmis dat God dit mag bevestig. Dit is nou ook ons bedede aan die ingang van die nuwe jaar. Ons vra nie alleen krag om die werk te doen wat voor ons lê nie, maar dat die Here dit ook mag bevestig, dat Hy dit mag seën sodat dit vrug mag dra, tot beswil van ons medemens in wie se belang ons arbeid, en tot verheerliking van God.

TOG WORD DIT NIE VERTEER NIE

*En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur,
maar die doringbos word nie verteer nie! (Ex. 3:2b)*

MET die wisseling van die jaar staan ons by hierdie woord stil. 'n Wonderlike gesig was dit vir Moses. Die doringbos brand in die vuur, maar word nie verteer nie. Die HERE gebruik hierdie wonder om aan Moses duidelik te maak dat, al is dit dat die kinders van Israel in Egipte in die vuur van groot verdrukking is, hulle tog nie vergaan nie. God hou sy volk staande.

Noudat ons terugsien op die jaar wat verby is, kan ons wat ons hier lees, op onself toepas. Dit is vir ons 'n troos en bemoediging om daaraan te dink dat, wat daar ook oor ons gekom het, ons nog in die lewe is met die mate van gesondheid en voorspoed wat ons geniet. Wat ons ook moes deurgaen, wat ook ons lot was, ons het daaronder nie beswyk nie. Dit is 'n Godswonder. Self sou ons nie kon staande bly nie. Dit is die Here wat ons in alles bewaar het. As ons daarop ons aandag vestig, dan bemoedig dit ons om die nuwe jaar in te stap.

Hierdie woord is van besondere toepassing op die kerk. Die Skotse Kerk het dit vir sy spreuk gekies: Maar dit word nie verteer nie. In die dae toe die martelaars werklik in die vuur van die brandstapel verbrand is, is die kerk nie verteer nie. Al is dit dat die doringbos brand, word hy tog nie verteer nie.

“Hou Christus self sy kerk in stand –
vergeefs die hel se woede!”

Op 'n volk wat God staande wil hou, is dit ook van toepassing.



DIE HERE SAL VOORSIEN

*En Abraham het dié plek genoem:
Die HERE sal voorsien! (Gén. 22:14a)*

MET hierdie geloofswoord wil ons die nuwe jaar begin. Hoe sal dit gaan in die jaar wat ons nou binnegetree het? Sal dit goed gaan, sal dit sleg gaan? Ons weet nie. Maar hoe dit ook mag gaan: *Die HERE sal voorsien!*

Dit is ons plig om voorsiening vir die toekoms te maak. Ons moenie besorg wees nie, sê God, maar dit neem nie weg dat ons tog sorg moet dra nie. Ons moet ons nie kwel nie, maar ons moet maatreëls vir gebeurlikhede tref.

En tog, wat ons ook doen, weet ons vooraf goed dat, met al ons voorsorg daar dinge sal plaasvind wat heeltemal buite ons berekening val. Wat nou as dit gebeur? Dit moet ons nie onthuts nie. Ons moet kalm, vol vertroue die toekoms tegemoet sien en gelowig sê: *Die HERE sal voorsien!*

Hierdie geloofsvertroue gee ons krag vir die vervulling van die pligte wat op die teenswoordige oomblik voor die hand lê. Ons word nie verstrooi deur allerhande vrees en angs nie. Ons word nie verlam deur kwellinge oor die toekoms nie. Wat die dag van môre betref, sal God voorsien, en daarom kan ons al ons aandag aan die werk van hierdie oomblik gee.

As ons, deur die genade van God hierdie gesindheid in ons lewendig hou, dan bly daar in ons 'n onuitspreeklike gerustheid van gemoed. Dan – en dit is die grootste – verheerlik ons God.

KONING VAN DIE KONINGS

*En Hy dra op sy kleeft en op sy heup die Naam wat geskrywe is:
Die Koning van die konings ... (Openb. 19:16)*

DIE Seun onderwerp deur die eeue heen alles aan die Vader. Eendag is alles voltooi, en dan is God alles in almal. Laat ons die ewige Middelaar aanbid. Johannes sien Hom as oorwinnaar. Sy Naam is Koning van die konings.

Is dit vir ons duidelik dat Hy Koning is? Ons moet Hom aanbid as ons Koning en ons moet ons in gehoorsaamheid aan Hom onderwerp. Ons moet bid dat hierdie gesindheid van volle toewyding in ons mag bestaan. Dit sal vir ons baie inspanning van kragte kos om sover te kom dat ons gedurig onse Koning gehoorsaam. Waarom? Omdat daar in ons en in ons omstandighede soveel is wat ons afkerig daarvan maak om onself volkome op te offer en ons wil aan die wil van onse Koning te onderwerp. Ons het nie lus om onself op te offer nie. Of ons wil onself nie opoffer nie. Is dit nie iets wat ons met ontsetting moet vervul nie? En dit veral as ons in gedagte hou dat dit elke dag gebeur dat die mens hom opoffer aan iemand of aan iets – die soldaat aan sy offisier, die vrou aan haar man, die kunstenaar aan sy kuns. Sal ons nou gehoorsaam wees en ons opoffer aan mense en aan dinge en dié gehoorsaamheid en opoffering aan onse Koning weier?

Nee! Christus is Koning van die konings. Hy is ónse Koning! Ons wil ons in volkome toegewydheid en gehoorsaamheid aan onse Koning oorgee. “Kom, laat ons aanbid.”

AAN GOD DIE HEERLIKHEID

Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. (Rom. 11:36b)

DIT kon Paulus sê. Ons dink ook aan sy ander woord, dat uit en deur en tot God alle dinge is. Paulus kon dit sê, want in sy hele lewensbeskouing was God die grondslag waarop alles rus, en in sy hele lewensgeskiedenis het hy ondervind dat God sy lot bestuur en bewaar. Aan God dan behoort die heerlikheid tot in ewigheid.

Op die gebied van die ewige werklikhede is God alles, en ons sink as in die niet weg. Maar ons wil ons tog so graag laat geld. Ons dink aan ons liggaamlike krag en ons vergelyk ons met ander en dan wens ons onself geluk dat ons meer is en meer kan uitrig as hulle. Maar wat het ons in die skepping vanuit ons liggaamlike krag gedoen? Dit is ook so wat ons gees betref. Uit die hoogte sien ons op ander neer en dan verag ons hulle, of as dit nie so ver gaan nie, is daar 'n soort minagting wat hom van ons meester maak. Dwaas is dit, maar meer nog, dit is sondig as ons so voel. Wat besit ons wat ons nie ontvang het nie?

“Aan God die heerlikheid!” Dit is woorde wat diep uit ons siel moet opstyg. Ons kan geen oomblik lewe, ons kan ons nie beweeg, ons kan nie bestaan, as ons nie in God is nie. Dit is Hy wat in ons werk om te wil en te doen. En daarom moet sy lof op ons lippe wees. Aan God die heerlikheid!

En tog is dit ons, is dit onself wat dink en wil en doen. Dit is ons wat ons eie verlossing uitwerk. Maar dit alleen omdat ons in God is! Daarom loof ons sy Naam. Aan God die heerlikheid tot in ewigheid!

AAN DIE HERE BEHOORT DIE AARDE

*Die aarde behoort aan die HERE en die volheid
daarvan, die wêreld en die wat daarin woon ... (Ps. 24:1)*

DIE psalmis bedoel met hierdie woorde die sigbare wêreld. Hy druk dit uit in die volgende vers as hy sê dat die HERE die aarde gegrond het op die seë en dit vasgestel het op die strome.

Ons vestig ons oë op die natuur rondom ons, en ons kom geweldig onder die indruk dat die aarde en sy volheid aan God behoort.

Ons word nou met verskrikking vervul, en dan weer spring ons hart van vreugde op. Ons vergaan op die barre ysvelde, en in die verdorde sandwoestyn kom ons om. Met ontsag staar ons op die kale kranse van die berg met sy kruin wat in die hoogte in die newels verdwyn. Daar aan sy voet strek die wye oseaan uit. Alles vervul ons met onrus. Maar vrede kom in ons gemoed as ons oog rus op die heuwels, die dale en die klowe met digte houtbosse. Ons onrus is weg as ons die gloeiende bulte aanskou wat God besoek en waaraan Hy oorvloed gee, sodat die weivelde bekleed is met troppe kleinvee en die dale bedek met koring. Ons roep saam met die digter uit: *o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!* (Ps. 8:2). Aan die HERE behoort die aarde.

En hierdie aarde het Hy aan ons gegee om te bewoon. Kon ons ooit begeerliker verblyfplek verlang? Wat die aarde oplewer, dit is vir ons. Alles kan ons neem en, soos Paulus sê, dit geniet sonder om navraag te doen, want die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan.

DIE WONDERS VAN GOD

Dink aan sy wonders wat Hy gedoen het ... (Ps. 105:5)

SOOS dit in die opskrif staan, is hierdie psalm 'n dankbare terugblik. Die digter dink aan die verbond wat die HERE met Abraham gemaak het, en sy eed aan Isak wat Hy ook vir Jakob as insetting bekragtig het, vir Israel as 'n ewige verbond. En dan vertel hy uit die geskiedenis hoe getrou God aan sy verbond was, aan die wonders wat Hy gedoen het vir die volk van Israel om hulle die land te gee wat hulle in besit gekry het. Daarop moet Israel in dankbaarheid terug sien. Hulle moet aan die wonders van die HERE dink. Die geskiedenis van die kinders van Israel was waarlik 'n wonderlike geskiedenis.

Ons kan ook van die wonders van God spreek. Ons moet maar net om ons heen kyk. In wat 'n wonder van 'n wêreld het ons in aansyn gekom. Daar is die blou gewelf bo ons hoofde, met die miljoene op miljoene sterre daarin. En rondom ons strek die aarde hom uit in berg en wye vlakte. *Die weivelde is bekleed met troppe kleinvee, en die dale is bedek met koring; hulle juig, ook sing hulle* (Ps. 65:14). Wat 'n Godswonder is die natuur waaraan ons kan dink!

Dan, wat 'n wonder van God is ons self! Ons haal asem, ons wandel, ons werk, ons het lief, ons dink, ons sing, ons het gemeenskap met God, ons leef in die ewige wêreld in vereniging met die Heiland. Wat 'n wonder is die mens wat God geskape het!

En is dit ook nie 'n wonder bo wonders dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het nie! Aan watter wonders van God kan ons tog dink!

DIE HERE RIG VERSKRIKLIKE DINGE AAN

*Kom, aanskou die dade van die HERE,
wat verskriklike dinge oor die aarde bring ... (Ps. 46:9)*

IN Psalm 33:5 staan daar: *Die aarde is vol van die goedertierenheid van die HERE.* Hier word iets anders gesê: *Kom, aanskou die dade van die HERE, wat verskriklike dinge oor die aarde bring.* Dit is ook waar, dit is allerverskrikliks waar! In die Skrif word dikwels gespreek van die Godsgerigte van verwoesting. Dit gebeur in die natuur, dit gebeur as een nasie teen die ander opstaan. Die dag van afrekening is 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag, spreek die profeet Sefanja (Sef. 1:15). Een nasie staan teen die ander op. Hier spreek die profeet Nahum: ... *En hoor, die gedreun van wiele! En perde wat jaag, en waens wat stamp! Ruiters op 'n galop en geglinster van swaarde en geblits van spiese! En 'n menigte wat verslaan is, en hope dooies en geen einde aan die lyke nie ...* (Nah. 3:2-3). Verskriklike dinge as die oordeel van God die aarde tref!

En tog, in die gesig van Elia op Horeb was die HERE nie in die sterke wind wat die berge skeur en die rotse verbreek nie; nie in die aardbewing; nie in die vuur nie. Ná die gerig was dit die gesuis van 'n sagte stilte. Die verwoesting is daar om 'n end aan die verwoesting te maak. Hoor wat volg op die woorde wat ons oordink: God laat die oorloë ophou tot by die einde van die aarde, Hy verbreek die boog, Hy slaan die spies stukkend, Hy verbrand die strydwaens met vuur. Die end is die vrederyk. Dit is dan tog waar: *Die aarde is vol van die goedertierenheid van die HERE.*

Daarvoor loof ons sy heilige Naam!

MET DIEPE EERBIED VERVUL

*En toe Elía dit hoor, het hy sy gelaat
met sy mantel toegedraai ... (1 Kon. 19:13)*

DIE verskriklike natuurverskynsels van die wind wat die berge geskeur en die rotse verbreek het, van die aardbewing en van die vuur was verby, en daarna kom daar die gesuis van 'n sagte stilte. Toe het Elía sy gesig met sy mantel toegedraai. So het hy sy diepe eerbied en ontsag voor die aangesig van die HERE getoon.

Moet daar nie meer eerbied, o, veel meer by ons gevind word nie? Eerbied in ons gedagte, in ons houding, in ons woorde, in ons dae nie? Daar is so min eerbied in ons omdat ons nie gedurig besef dat ons in die teenwoordigheid van God lewe nie. As dit ons te beurt sou val dat God aan ons sou verskyn soos Hy aan Elía verskyn het, hoe anders sou ons woorde en dae, ons hele gedrag wees! Maar dit hoef nie te wees nie. Daar hoef geen groot gesig voor ons oë te verrys nie. God is by ons. Ons moet maar stilstaan en aan onself die geleentheid gee om in te tree in die Godsheiligheid waarvan die deur oopstaan: In die groot natuur van God, in die eensaamheid van ons afsondering, maar ook daar waar ons nooit aan Hom dink nie – op die straat en in die dorp. Ons moet maar net 'n kort oomblik stilstaan en sê: God is hier!

Wat sal dan deur ons hele wese gaan! Dit sal wees net een ondervinding van sy teenwoordigheid. Eerbied sal ons siel in besit neem. Ons sal ons gelaat met ons mantel toedraai.

JD Kestell se hart het volkome aan sy Here behoort, maar dit was ook gevul met barmhartigheid vir die swaarkry van sy medebroeders en -suster in die geloof. Omdat hy sy eie nietigheid voor God terdeë besef het, het hy homself met volle oorgawe en lofbetuiging aan Hom toegewy.

Reeds aan die begin van die dagstukkies maak Vader Kestell sy hart vir die leser oop. Soos hy op die tweede dag van Januarie skryf, loop die goue draad deur die hele bundel: Tot verheerliking van God en die welsyn van die naaste. Hy herinner ons immers: “Ons het die plig om in die lot en behoeftes van ons medegelowiges te deel.”

Neem hierdie dagstukkiebundel in die hand en voed u gees met diepsinnige oordenkinge uit die pen van ’n ware Godsman, volksman en iemand wat die nood van die medemens selfs van ver af kon raaksien.

Lig in Duisternis 
UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za

ISBN: 978-1-0672217-1-3



9 781067 221713